# Daniel Knobel



Goeie Vriende,


Jammer dat ek nie daar op dié groot en geskiedkundige dag kan wees nie! Indien my omstandighede anders was, sou ek beslis die samesyn van gesellige vriende en die reünie van ʽjonk-wees-skooldae-herdenking' wou bywoon.

So, vir die van die wat nie weet nie, die volgende kort opsomming van my lewenstorie van ná skooldae af (1986-2025):

- 2 jaar diensplig – direk na skool in die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens; basies en offisiers vorming (1e jaar) en grensdiens en ontplooing (2e jaar).
- 2 jaar ʽdrifter-', of te wel, ʽgaping'-jare – ʽwaiter', klerk en ʽprojekte' tipes ʽwerk' en ʽnasionale ekspedisies and reise' en/of ʽ vakansies'(?).
- 3 jaar – BA voorgraadse studies by UP (Sielkunde en Bybelkunde as hoofvakke).
- 2 jaar – BA Hons nagraads-deeltydse studies by UP (Sielkunde).
- 15 jaar – permanente diens in die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens: Personeel offisier tot Gesonheids Diens Sentrum bestuurder (Luitenant tot Luitenant-Kolonel).

- 5 jaar – dosent by privaat tersiêre opvoeding instansie (MGI).
- 5 jaar – MA Navorsing Sielkunde en PhD Sielkunde nagraadse studies (UNISA).
- 6½ jaar en tans steeds – dosent by Universiteit van Mpumalanga (UMP).
- Getroud (met René) met 2 kinders (seun, Marco – 26 jaar oud; dogter, Bianca – 19 jaar oud) – nog nie kleinkinders nie!
- Plekke gewoon – Pretoria (30 jaar), PE (5 jaar), Nelspruit (tans hier woonagtig vir 22½ jaar!).












Ek hoop julle het 'n baie vreugdevolle dag en dat die bande weer sterk bevestig sal word. Ek hoop om julle darem weer in die toekoms te sien en sluit af met die woorde:

‘Blaas hoog die vlam, die vlam van jonkheids-vreug...’ en ‘Steeds Hoër: In alles wat ons dink en doen, ons oë steeds na Bo gerig...’.

Graag wil ek ook net die maters wat aanbeweeg het na die Hiernamaals net graag in herdenking bring, soos die wat ek beter geken het op skool naamlik, Wilhelm Human, Leon Rodeon, Luther Pretorius, Kobus Erwee en Jaco Postma. Rus in vrede julle!

Geniet julle dag terdeë en vriendelike groete,

Daniël Knobel